# GEMEENTEBULLETIN

## SONDAG 12 MAART 2023

Derde Lydensweek | Rom. 5:1-5 & Fil. 4:4-6

Rus in vrede . . . nie net 'n inskrywing op 'n grafsteen nie

**Oggenddiens** om 09:00 in kerk en aanlyn | Ds. Breytenbach (2)

**Familiediens** om 09:00 in kleinsaal en aanlyn | Ds. Potgieter (8)

**Meditatiewe diens** om 09:00 in kapel en aanlyn | Ds. Dietmann

**Aanddiens** om 18:00 in kerk en aanlyn | Ds. Breytenbach

## PAASPROGRAM | 6 TOT 10 APRIL

Ds. Marius Schoombie behartig alle eredienste in die kerk.

| | |
|---|---|
| Donderdag 6 April | Nagmaal om 18:00 by Edelweiss (Dr. Swart). |
| | Nagmaal om 19:00 in die kerk en aanlyn. |
| Vrydag 7 April | Erediens om 09:00 in die kerk en aanlyn. |
| Sondag 9 April | Nagmaal om 06:15 in die kerk. |
| | Paasdiens om 09:00 in die kerk en aanlyn. |

## NUWE LIDMATE

**Funksie vir nuwe lidmate 15 Maart 18:30 in die kleinsaal**

Indien jy 'n nuwe lidmaat is en nie persoonlik 'n uitnodiging na bogenoemde funksie ontvang het nie, kontak asb. vir Anneke by anneke@stellenberg.co.za. Jy, of jy en jou gesin, word hartlik uitgenooi na die informele geselligheid.

**Nuut in Stellenberg**

Ons wil graag alle nuwe lidmate wat by die gemeente aansluit, persoonlik verwelkom. Stuur asseblief 'n e-pos aan anneke@stellenberg.co.za om ons in kennis te stel dat jy by die gemeente aansluit, of voltooi die nuwe-intrekkervorm op die webwerf, of skakel die kerkkantoor by 021 976 4519.

### KONTAK ONS

021 976 4519

WhatsApp 081 045 2428

navrae@stellenberg.co.za

www.stellenberg.co.za

### GEBEDSVERSOEKE

Gebedsversoeke kan aan ds. René Potgieter by 079 893 8104 gestuur word.

### KERKKANTOOR SKAKELBORD

Neem asb. kennis dat die kantoor se skakelbord nie tydens beurtkrag werk nie. Stuur gerus 'n e-pos na navrae@stellenberg.co.za

### DEUROFFER

**Stellenberg-studiefonds**

Die studiefonds ondersteun gemeentekinders wat teologie studeer.

## IMAGINE JEUGFEES | 18 TOT 20 MAART

Die Imagine Jeugfees is terug en ons nooi jongmense en tieners tussen 13 en 18 jaar oud om aan die unieke geleentheid in Bredasdorp deel te neem. Tieners van regoor die provinsie kom byeen vir 'n naweek van aanbidding en pret. Leiers van alle ouderdomme word ook benodig. Om in te skryf, skandeer Annibrand Senior se QR-kode op die agterblad en klik op die skakel.

## OMGEEGROEP VIR VROUE

Ons wil graag 'n omgeegroep vir vroue, wat Donderdagaande om 18:00 bymekaar sal kom, begin. Kontak asseblief vir ds. René Potgieter by 079 893 8104 indien belangstel om by die groep in te skakel.

## MET LEEDWESE

- Alida Albertina (Lida) Olivier (01/03/1958 - 02/03/2023). Sy was sedert 1982 'n lidmaat van die gemeente. Ons opregte meegevoel met haar man, Koos, en hulle kinders wat sy agterlaat. Gedenkdiensreëlings is onbekend.
- Hendrik Willem (Hennie) van Riel ( 26/02/1936 - 02/03/2023). Hennie was sedert 1995 'n lidmaat van die gemeente. Ons opregte meegevoel met sy vrou, Gwennie, en hulle kinders, kleinkinders en agter-kleinkinders wat hy agterlaat. Sy gedenkdiens is op Vrydag 10 Maart om 11:00 in die kerk.

## VATVYF-BYEENKOMS

Die volgende byeenkoms is op Woensdag 15 Maart om 10:00 en behels 'n interessante praatjie oor die opleiding en gebruik van gidshonde. Alle lidmate bo 60 jaar oud word uitgenooi om die VatVyf-groep se byeenkomste by te woon. Toegang is gratis, maar bespreek asb. jou plek teen 13 Maart by Charlotte, 021 976 4519.

19 April: Besoek Evita se Perron in Darling.

### ANNIBRAND JUNIOR

Graad 1-3: Kleinsaal

Graad 4-6: Grootsaal

Graad 7: Jeuglokaal

### ANNIBRAND SENIOR

Kleingroepe na afloop van die aanddiens om 18:00.

### VROUEBYBELSTUDIE

Die Bybelstudiegroep vir vroue kom elke Maandag om 10:00 (slegs tydens skoolkwartale) in die ou kafeteria-area byeen. 'n Biduurbyeenkoms om 09:15 in die gebedskamer langs die kapel word voor die Bybelstudie aangebied.

### BREIGROEP

Die breigroep kom op Maandag 3 April om 09:30 in die markplein byeen. Bring jou breiwerk saam.

## STELLENBERG BYBELSKOOL

### BALLINGSKAP | 'n Tyd van onverwagse vernuwing

Is jy bekommerd oor die toekoms, of voel jy oorweldig deur die agteruitgang wat jy rondom jou sien? Beleef jy dalk die realiteit van verlies wat jou lewe verander het? Hoe bly God deur alles heen, steeds met ons in dié onseker wêreld? Die Babiloniese ballingskap, wat in verskeie Ou Testamentiese boeke 'n tema is, is 'n kragtige metafoor vir vernuwing en groei in uiters moeilike omstandighede. Ook in hedendaagse tye, spreek die omstandighede van die Babiloniese bannelinge tot ons. Kom verken in hierdie Bybelskoolreeks die boodskap wat ons inspireer en daartoe roep om dieper oor ons eie omstandighede na te dink en met 'n ander gesindheid daarvolgens te leef.

Datums: Dinsdagaande: 11, 18, 25 April, 2, 9 Mei vanaf 19:00 tot 20:30

Aanbieder: Ds. Marius Breytenbach in die kerkgebou

Koste: R40 vir gedrukte handleiding

Inskrywings: Charlotte by charlotte@stellenberg.co.za/021 976 4519.

## MICHANGE KOEPONNE

Maak 'n verskil in iemand se lewe deur 'n Michange-koepon @ R50 by die kerkkantoor te koop en aan 'n hawelose persoon te skenk. Met dié koepon kan die ontvanger 'n ete, 'n warm stort, slaapplek en berading ontvang.

## FINANSIËLE BYDRAES

### EFT-betaling

Dit kan oorbetaal word na ABSA-tjekrekening 145 058 0011, takkode 632005.

### Kontantbydraes

Kan by die kerkkantoor inbetaal word, of in die beveiligde posbus op die kerkkantoor se stoep gegooi word.

### SnapScan

### ASEMSKEP-GEBEDSGROEP

Elke Dinsdagaand om 18:30 in die kapel, tydens die skool-kwartaal. Enige iemand is welkom, sluit gerus by ons aan.

### STELLENBERG TERAPIESENTRUM

Die sentrum bied berading en mediasiedienste deur professionele persone aan. Spraak- en arbeidsterapeute asook 'n besigheids- en lewensafrigter se dienste is ook beskikbaar. Maak gerus 'n afspraak by 021 976 4519 (09:00 tot 13:00) of stuur 'n e-pos na therapy@ stellenberg.co.za.

Na-ure skakel

083 519 0602.

## ELEKTRONIESE KOMMUNIKASIE

### Op jou rekenaar:

Jy kan die bulletin en *Stellenberger* per e-pos ontvang. Stuur jou e-posadres aan sanel@stellenberg.co.za.

### Op jou selfoon:

Skandeer enige van die QR-kodes om by die WhatsApp-groep van jou keuse aan te sluit en toegang tot gerieflike elektroniese kommunikasie te ontvang. Jy kan die bulletin, geestelike dagstukke en algemene nuus op jou selfoon ontvang deur die QR-kode met jou selfoonkamera te skandeer, klik dan op die geel skakel wat op die skerm verskyn en kies die groep, of groepe waarby jy wil aansluit.

**Gemeente se WhatsApp-groepe**

**Jong volwassenes en studente**

**Annibrand Junior Laerskool-kategesegroepe**

**Annibrand Senior Hoërskool-kategesegroepe**

EDELWEISS

BYBELSTUDIE

Donderdag

16 Mrt. 15:00

Psalm 91: Die Here is my toevlug . . . vir altyd!

HUISDIENS

Sondag 26 Mrt 18:00

Romeine 5:1-11

Jesus gee ons nuwe vrede

EDELWEISS

DIENSSENTRUM

Pensioenarisse word uitgenooi om as buitelede van die sentrum aan te sluit teen lidmaatskap van R70 per jaar.

Vrywilligers wat by die dienssentrum betrokke wil raak, word ook benodig. Kontak die sentrum gerus by 021 976 1150.